**Skriflesing: Romeine 12 vers 1 - 8**
**Tema: Wat is die Here se wil vir ons?**

Iewers het ek gesien 'n gemeente adverteer dat hulle Nuwejaarsdiens se tema is: "Hoor wat is Jesus se hart vir Sy gemeente vir 2017." My eerste reaksie is om te wonder of mens dit regtig kan weet. Ons is mense en Hy is God. Is dit nie so bietjie arrogant om te beweer dat jy God se wil aan 'n gemeente gaan bekend maak nie? Hoe meer ek daaroor gedink het, hoe meer het die Here my na Romeine 12 gelei. Die afgelope Maandag by ons gebedsbyeenkoms lei die Here ons weer, na 'n opmerking van dominee Deon, na dieselfde Romeine 12 waaruit die Hy vanoggend met elkeen van ons praat.

God het ons eerste liefgehad. "Hy het ons so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gestuur sodat ons wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hy het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word." (Johannes 3 vers 16-17).

Wat is 'n gepaste reaksie op die liefde van God deur sy Seun Jesus Christus? Wat is die Here se wil vir ons? Uit die gelese gedeelte is dit duidelik dat die Here se wil vierledig is: Hier is die vier punte om maklik te onthou:
1. Dankoffer
2. Metamorfose (die verandering van 'n wurm na 'n papie na 'n skoenlapper)
3. Knieë
4. Liggaam

## 1. Dankoffer
In Romeine 12 vers 1 lees ons: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."

In die Ou Testament het kinders van die Here offers soos byvoorbeeld skape of duiwe gebring wat dan vir hulle sondes op die altaar verbrand is. Ons hoef nie meer sulke offers te bring nie, want Jesus Christus is as volmaakte en volledige offer aan die kruis vir ons sonde gespyker. Hy het ook opgestaan as bewys dat ons sonde en dood oorwin is.

Om nou myself as dankoffer te gee, is om uit dankbaarheid my alles vir Hom te gee. Ek moet bereid wees om opgebruik te word vir Hom. Baie van ons dink nog verkeerd oor God. Hy is nie hier om ons behoeftes te bevredig nie. Hy werk nie vir ons nie. Nee, ons buig voor Hom. Ons kom in ritme met Hom. Uit dankbaarheid gee ek my alles vir Hom.

God soek nie in die eerste plek jou tyd, geld of betrokkenheid nie. Hy soek vir jou. Dit is die hart van godsdiens. In die Boodskap staan daar so mooi: "'n Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan."

Maar Jesus Christus het ook aan die kruis gesterf en opgestaan om dit vir ons moontlik te maak om 'n metamorfose te ondergaan.

## 2. Metamorfose (die verandering van 'n wurm na 'n papie na 'n skoenlapper)
Ons lees in Romeine 12 vers 2: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Die woord "verander" in hierdie vers is 'n vertaling van die woord metamorfose in die oorspronklike taal. Die Handboek vir die Afrikaanse Taal beskryf metamorfose as: "Reeks veranderinge wat larwe deurmaak om tot volwassenheid te kom." Dit is wat ons God moet toelaat om met ons lewens te doen. Ons moet Hom toelaat om veranderinge in ons te werk sodat ons al meer tot volwassenheid sal kom. Ons moet Hom daaglikse in beheer plaas sodat ons al meer soos Jesus sal wees.

Wie plaas ons in beheer van ons denke? Die sondige wêreld, die openbare media of vir God? Ons denke werk soos 'n rekenaar. Vir wie gee ek die sleutelbord om my rekenaar te beheer? Om vir God in beheer

te plaas  begin waar ek daagliks met sy Woord besig is en die Gees toelaat om my denke te verander en nuut te maak. Dan sal ek Sy wil ken.

‵n Deel van Sy wil is dat ek dankbaar, op my knieë, Hom en ander mense sal dien.

**3. Knieë**

In Romeine 12 vers 3 lees ons: "Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het."
Ons moet in geloof nederig dien soos Christus. In Filippense 2 vers 5-8 kry ons die opdrag: "[5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: [6]Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, [7]maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, [8]het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis."

Dit is belangrik om raak te lees dat God se wil met my lewe nie sommer vanself gebeur nie. God wil, deur Jesus Christus en die kragvolle werking van die Heilige Gees, lewensverandering in my werk, maar Hy doen dit nie sonder my nie. Ek het ‵n rol om te speel. Ek moet myself gee, toelaat dat God my verander deur my denke te vernuwe en my toelê om beskeie te wees.

In die vierdie plek sien ons God se wil is dat ons as gemeente:

**4. Sy liggaam sal wees**

Ons kry dieselfde gedagte ook in 1 Korintiërs 12 vers 12-31. Dink gou aan jou liggaam soos wat jy hier sit. Jou liggaam bestaan uit baie liggaamsdele. Elkeen van hulle het ‵n plek en ‵n taak. Die een is nie belangriker as die ander nie. Die een kan nie sonder die ander nie. Die hand kan nie sê dat dit so ‵n indrukwekkende liggaamsdeel is dat dit nie die res van die liggaam nodig het nie. Sonder die liggaam, kan die hand niks doen nie.

Christus is die Hoof van Sy liggaam, Ons as gemeente is sy liggaam. Ons kan nie sê  ons dien die Here, maar ons  behoort nie aan ‵n gemeente nie. Hy gee aan elkeen van sy kinders ‵n plek en taak in Sy liggaam. Indien elkeen van ons nie uit dankbaarheid Hom met ons gawes dien nie, kan Sy liggaam nie voluit funksioneer nie.

God gee aan elkeen van ons genadegawes soos Hy dit wil gee. ‵n Genadegawe is baie keer daardie ding wat jy geniet om met passie te doen. Dit gee jou nuwe energie. Ons lees in die Bybel van baie meer genadegawes, maar kom ons kyk vinnig na die sewe waarvan ons in Romeine 12 vers 6-8 lees:

1. Die gawe van profesie: Dit is om God se boodskap te hoor en dit gelowig te verkondig. Dit is die grootste deel van onder andere ‵n dominee se taak.
2. Dien met oorgawe. Baiekeer dink ons verkeerdelik dat ‵n gawe iets groot en sigbaar moet wees. Dit is ‵n Godgegewe gawe om ander te dien.
3. Onderrig gee is om ander te leer. Dit is onderwysers, kategete, ensovoorts se gawe.
4. Bemoedig. Ek dink ons elkeen ken so iemand. ‵n Man of vrou wat die besondere Goddelike vermoë het om jou te ondersteun en te versterk. Jy voel sommer weer lus vir die lewe wanneer jy by so ‵n persoon wegstap.
5. Gee, sonder bybedoelings. Dit is ‵n gawe om met oop hande te leef, om te gee sonder om iets in ruil terug te verwag.
6. Leiding gee, met toewyding. Hierdie is die Here se voorlopers in die gemeente. Leiding gee vra iets van jou. Jy gaan besluite moet maak waarvan nie almal hou nie. Jy gaan soms teenstand kry. Daarom moet jy met toewyding lei.
7. Help, met blydskap.

Wat is die Here se wil vir ons? Die vier punte: dankoffer, metamorfose, knieë en liggaam maak dit vir elkeen van ons baie duidelik.
Amen

**Geloofsverklaring**

Ons kom gee nou vir die eerste keer of by herhaling ons lewens aan die Here oor:
Hemelse Vader, dankie dat U my liefhet. U ken al my foute en gebreke en wil, ten spyte daarvan, ‛n lewende verhouding met my hê. Daarom het U U Seun gestuur.
Jesus, ek is so dankbaar dat U my verlos en vir altyd nuut wil maak.
Daarom verklaar ek my totale oorgawe aan U. Ek gee volledig oor. Ek hou niks terug nie …ek behoort aan U. Ek gee alles wat ek is en alles wat ek het aan U as die Leidsman van my lewe oor.
Van vandag af wil ek hê dat U meer as ooit my Here sal wees. Wees asseblief die Here van my gesin, my geld, my verhoudings, my loopbaan, my tyd en my toekoms.
Heilige Gees vul my sodat my lewe vrug sal dra. Maak my al meer soos Jesus Christus.
Ek weet dat U ‛n liefdevolle Here is en dat U weet wat vir my die beste is. Daarom onderwerp ek my aan U volmaakte wil, selfs wanneer ek nie verstaan wat U plan met my is nie.
Ek kies U en U weg omdat ek weet dat dit U wil vir my is. Amen